

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 5 Maart 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Gen 2: 4-17.

Fokus: Gen 2: 7.

God het die mens geskape as gees, siel en liggaam.

Omgee:

- Ilse-Marié Briel se ma is oorgeplaas na die verswakte afdeling van Protea aftreeoord.
- Michael en Martie Ackerman het môre 'n onderhoud ivm hulle aansoek as huisouers van Reddersburg Kinderhuis.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings: ...

- Die volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **10 – 12 Maart in Heilbron**. Bespreking kan by Celeste Mulder (082 372 8684) gedoen word.

- Die **selgroep vir gesinne** met skoolkinders vergader weer DV **26 Maart** na die erediens in die kuierkamer. Hulle nooi gesinne uit wat nog nie deel is van 'n selgroep nie, om saam te vergader.
- Vanmiddag om 16h00 tot 17h30 gaan ons voort met die **opleiding vir fasiliteerders** van die Oorwinnaarsbediening in die kuierkamer.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – vandag skink Groep 5, Sophie, Santjie, Susan le Roux en Anja. Volgende Sondag is dit Groep 1, Susan Botha, Kinnie, Annette en Maureen se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Ontbytfunksie vir ons afgetrede lidmate

- Ons beplan om Woensdagoggend 'n lekker ontbyt te gaan eet as “Bejaardes Uitstappie”. Ons vertrek om 9h00 vanaf die kerkgebou. Sê asseblief vir Ankie of ds Stephan as jy/julle dit wil bywoon.

Die Lewende Woord vir Jou Vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Gen 2: 4-17.

Fokus: Gen 2: 7.

God het die mens geskape as gees, siel en liggaam.

- Gen 2: 7 gee vir ons 'n beskrywing van hoe God die mens geskape het: “Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde (*liggaam*) en lewensasem (*nishmat gajim – die asem van die lewe/gees*) in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese (*nephesh – siel*) geword het.”
- Wanneer die lewensasem van God die mens se liggaam binnedring, word dit die mens se gees; en wanneer die gees verbind met die liggaam, produseer dit die menslike siel of persoonlikheid (denke, emosies en wil).
- Die Heilige Gees werk kragtig deur jou wedergebore gees om jou te heilig en te bewaar vir 'n lewe van oorwinning.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Verduidelik die onderskeid tussen gees, siel en liggaam.
- Watter deel het nuut geword met ons wedergeboorte (vgl 2 Kor 5: 17) en wat is die invloed daarvan op die res van ons wese?
- Hoe kan ons die werke van die vlees in ons lewens oorwin?

Lekker verjaar ...!  Verjaardae in die week:

10/03 PIETER DE KLERK 082 464 9480 011 672 7130

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebed: Bid vir die regering:

- Bid vir 'n regering wat God sal vrees en 'n sondebeseft sal hê. Bid dat hulle sal weet wanneer iets verkeerd is en hulle daarvan sal weerhou. Wees dan nou verstandig, konings, wees gewaarsku, regeerders van die aarde! Julle moet die Here met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig. (Ps.2:10-11).
- Bid vir 'n regering wat homself onder die gesag van die Woord van God sal stel en wat wetgewing sal hê wat in lyn is met die Tien Gebooie en die geestelike wette van God in die Nuwe Testament. Die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan. Ook hulle gewetens getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word. (Rom.2:15).
- Bid vir die regering om nie enige vorm van korrupsie of nepotisme (die onregverdige bevoordeling van familie en vriende) toe te laat of oor te sien nie.
- Bid vir die redding van regeringsleiers en hulle gesinne.
- Bid vir 'n regering wat homself onder die gesag van die regbank sal stel en wat nie wette sal maak wat sommige mense sal onderdruk en ander bevoordeel nie. Hulle haat die man wat in die poort die reg handhaaf, en hulle het 'n afsku van hom wat in opregtheid spreek...Want Ek weet dat julle oortreding menigvuldig en julle sondes geweldig is, julle wat die vyande is van die regverdige, wat omkoopgeld aanneem en die behoeftiges wegstoot in die poort. Dit is 'n onheilspellende tyd. Soek wat goed is, en nie wat sleg is nie, sodat julle kan lewe. Julle moet haat wat sleg is en liefhê wat goed is, en handhaaf die reg in die poorte. (Amos 5:10-15). Die regeerders in die land sweer saam en is soos brullende leeu's op vangste uit. Hulle vreet mense op en vat die rykdom en kosbaarhede vir hulleself, hulle maak baie vrouens in die land weduwees. (Eseg.22:25).
- Bid vir opposisiepartye, werkersunies, ens. Hierdie groepe oefen groot druk op die regering uit en kom dikwels met goeie en ander kere met onbillike voorstelle wat baie keer lei tot konflik, langdurige hofsake en ondersoeke. Hierdie prosesse kos die staat en die mense van die land groot hoeveelhede geld. Oneffektiewe en onwyse optrede van die regering en ander belangegroepes ondermyn die ekonomie en vrede in die land.
- Bid vir oplossings vir die land se groot aantal werklose mense, vir wetgewing en politieke stabiliteit wat buitelandse beleggings moontlik sal maak.
- Grondbesit is 'n gekompliseerde saak waarvoor daar baie emosie is en 'n groot twispunt. Dit is 'n gekompliseerde saak en daar is baie emosie betrokke. Bid vir besluite en wetgewing wat nie tot konflik sal lei nie, nie die ekonomie en kosvoorsiening van die land sal benadeel nie en wat mense se behoefte aan grondbesit sal bevredig.

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,

stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Herman Coetzee 079 308 5404, herman@humibac.co.za

Koster – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Francois Kruger 082 777 0632 of Carel Cornelissen: 083 717 0003.

Ouderlinge: Herman Coetzee 079 308 5404; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Ander nuus...

ONS HUIS TEHUIS VIR BEJAARDES LAAT WEET:

Ons het ons 50ste viering die naweek van 7 April. Vrydagaand is 'n braai en dans vir ons inwoners; 8 April is hier 'n spreker en sangers en ons sal vingerete bedien; 9 April is daar 'n ete en 'n diens. Meer detail sal volg

Op 2 September hou ons ons groot fondsinsameling vir die jaar by Hoërskool Florida op die rugbyveld met 'n paar sangers die aand in die saal.

Skryf hierdie datums neer en onthou asb.

Marita van den Berg – Bestuurder

KRUGERSDORP-WES GEMEENTE bied 'n optrede van die RANDSE SIMFONIE ORKES aan op 25 Maart 2017 in die Eeufeessaal Krugersdorp om 19h30. H/v Commissioner- en Markstrate. Hulle speel o.a. Luisa Miller simfonia – Verdi; Klavierkonsert nr 2 – Raczmaninoff; Klok simfonie – Haydn.

Kaartjies R100 p volwassene R50 p laerskoolkind

Kaartjies is beskikbaar by Kobus 083 544 2879 en Gerda 011 660 8030/38

Israel en Jordanië – 9-20 Desember 2017: Ds. Malan van Rhyn reël 'n toer na die twee lande in samewerking met Seagull Toere. Ons besoek onder andere Petra, Masada, Jerigo, Betlehem, Nasaret, Kapernaum, Jerusalem en nog vele meer. Ons vaar op die see van Galilea, swem in die Dooie See, reis met 'n luukse bus en word vergesel van 'n professionele Engelsprekende gids en 'n Gereformeerde predikant. Koste is ongeveer R 44 000 per persoon wat deel. Dit sluit o.a. die vliegkaartjie, luukse hotelverblyf en twee etes op 'n dag in. Volledige inligting kan aangevra word by mvanrhyn@telkomsa.net of 082 858 0538. Raadpleeg ook Seagull Toere se webblad by www.seagulltoere.co.za.